



education

Department of
Education
FREE STATE PROVINCE

KONTOLETOETS

GRAAD 10

FISIESE WETENSKAPPE

SEPTEMBER 2017

PUNTE: 100

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit **NEGE** bladsye, een gegewensblad en een periodieke tabel.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Skryf jou naam en ander tersaaklike inligting in die toepaslike ruimtes in die ANTWOORDBOEK neer.
2. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae. Beantwoord AL die vrae in die ANTWOORDBOEK.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy in die ANTWOORDBOEK.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
5. Laat een reël oop tussen twee subvrae, byvoorbeeld tussen VRAAG 2.1 en VRAAG 2.2.
6. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Jy mag toepaslike wiskundige instrumente gebruik.
8. Jy word aangeraai om die aangehegte GEGEWENSBLAAIE te gebruik.
9. Toon ALLE formules en substitusies in ALLE berekening.
10. Rond jou finale numeriese antwoorde tot 'n minimum van TWEE desimale plekke af waar nodig.
11. Gee kort motiverings, besprekings, ensovoorts waar nodig.
12. Skryf netjies en leesbaar.

QUESTION 1

Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Elke vraag het slegs EEN korrekte antwoord. Kies die antwoord en skryf slegs die letter A, B, C of D langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1 'n Staaf verkry 'n negatiewe lading nadat dit met wol gevryf is. Watter een van die volgende verduidelik hierdie waarneming die beste?

- A Positiewe ladings word vanaf die staaf na die wol oorgedra.
- B Negatiewe ladings word vanaf die staaf na die wol oorgedra.
- C Positiewe ladings word vanaf die wol na die staaf oorgedra.
- D Negatiewe ladings word vanaf die wol na die staaf oorgedra. (2)

1.2 Watter een van die volgende metale is NIE ferromagneties nie?

- A Yster
- B Nikkel
- C Silwer
- D Kobalt (2)

1.3 Watter een van die volgende groothede en SI-eenhede is verwant aan mekaar?


	Grootheid	SI-eenheid
A	Stroom	$\text{C}\cdot\text{s}^{-1}$
B	Potensiaalverskil	J·C
C	Stroom	$\text{C}\cdot\text{s}$
D	Potensiaalverskil	$\text{C}\cdot\text{J}^{-1}$

(2)

1.4 Hoeveel lading vloei in 2,5 minute deur 'n resistor as die stroom 1,2 A is?

- A
$$\frac{1,2 \times 2,5}{60}$$
- B $1,2 \times 2,5$
- C
$$\frac{2,5 \times 60}{1,2}$$
- D $1,2 \times 2,5 \times 60$ (2)

1.5 Beskou die volgende gebalanseerde vergelyking:



Hoeveel mol H_2 sal met 3 mol N_2 reageer?

- A 1
- B 3
- C 6
- D 9

(2)

1.6 'n Verbinding bestaan uit die ione X^{2+} en Y^{3-} . Watter een van die volgende is 'n moontlike formule vir die verbinding?

- A $3\text{X}_2\text{Y}$
- B X_2Y_3
- C X_3Y_2
- D $(\text{XY})_6$

(2)

1.7 Watter een van die volgende is die korrekte formule vir kopersultaat met kristalwaters?

- A CuSO_4
- B $\text{Cu}^{2+}(\text{aq}) + \text{SO}_4^{2-}(\text{aq})$
- C $\text{CuSO}_4 \cdot 5\text{H}_2\text{O}$
- D $\text{CuSO}_4 + 5\text{H}_2\text{O}$

(2)

1.8 Watter een van die volgende reaksies verteenwoordig die dissosiasie van kopersultaatkristalle die beste?

- A $\text{CuSO}_4(\text{s}) + \text{H}_2\text{O}(\ell) \rightarrow \text{Cu}^{2+}(\text{aq}) + \text{SO}_4^{2-}(\text{aq})$
- B $\text{CuSO}_4(\text{s}) \rightarrow \text{Cu}^{2+}(\text{aq}) + \text{SO}_4^{2-}(\text{aq})$
- C $\text{CuSO}_3(\text{s}) \rightarrow \text{Cu}^{2+}(\text{aq}) + \text{SO}_3^{2-}(\text{aq})$
- D $\text{CuSO}_4(\text{s}) + \text{H}_2\text{O}(\ell) \rightarrow \text{Cu}^{2+}(\text{s}) + \text{SO}_4^{2-}(\text{aq})$

(2)

1.9 Watter een van die volgende is korrek vir EEN mol ammoniakgas?

	Aantal atome	Aantal mol
A	$1 \times 6,02 \times 10^{23}$ N atome	1 mol of N atome
B	$1 \times 6,02 \times 10^{23}$ H atome	3 mol of H atome
C	$3 \times 6,02 \times 10^{23}$ N atome	3 mol of N atome
D	$3 \times 6,02 \times 10^{23}$ H atome	1 mol of H atome

(2)


1.10 Watter een van die volgende verteenwoordig die gebalanseerde chemiese vergelyking vir die reaksie tussen aluminium en chloor om aluminiumchloried te vorm?

- A $\text{Al} + \text{Cl} \rightarrow \text{AlCl}$
- B $\text{Al} + \text{Cl}_2 \rightarrow \text{AlCl}_2$
- C $2\text{Al} + 2\text{Cl}_3 \rightarrow 2\text{AlCl}_3$
- D $2\text{Al} + 3\text{Cl}_2 \rightarrow 2\text{AlCl}_3$

(2)
[20]

VRAAG 2


Twee identiese metaalsfere, **P** en **Q**, hang aan toujies soos hieronder aangedui. Die ladings op **P** en **Q** is onderskeidelik $+4\text{ C}$ en -12 C . Hulle word 'n klein afstand van mekaar gehou sonder om die ladings te verander.



Wanneer die sfere losgelaat word, beweeg hulle na mekaar toe en raak aan mekaar.

- 2.1 Skryf die *beginsel vir die behoud van lading* in woorde neer. (2)
- 2.2 Hoe vergelyk die aantal protone met die aantal elektrone in die geval van sfeer **P**? Kies jou antwoord uit MINDER AS, DIESELFDE AS of MEER AS. (1)
- 2.3 Verduidelik waarom die sfere na mekaar toe beweeg? (1)


Die twee sfere skei nadat hulle aan mekaar geraak het soos hieronder aangedui.



- 2.4 In watter rigting het elektrone gevloei terwyl hulle in kontak was? Skryf slegs **P NA Q** of **Q NA P**. Verduidelik jou keuse. (2)
- 2.5 Bereken die lading op elke sfeer NA die skeiding. (3)
- 2.6 Bereken die aantal elektrone op sfeer **Q** NA die skeiding. (3)
[12]

VRAAG 3


In die stroombaan hieronder voorgestel is die gloeilampe identies. Die weerstand van die verbindingsdrade en die battery kan geïgnoreer word.



- 3.1 Teken 'n stroombaandiagram vir die stroombaan deur die korrekte simbole te gebruik. (4)
 - 3.2 Definieer die term *potensiaalverskil*. (2)
 - 3.3 Die lesing op voltmeter **V₁** is 2 V. Bepaal die volgende:
 - 3.3.1 Lesing op voltmeter **V₂** in volt. (2)
 - 3.3.2 Lesing op voltmeter **V₃** in volt. (2)
 - 3.3.3 Lesing op voltmeter **V₄** in volt. (2)
 - 3.3.4 EMK, in volt, van elke sel (2)
 - 3.4 Wat is die stroom in gloeilamp **B** as die stroom in gloeilamp **A** 2 A is? (2)
 - 3.5 Bereken die totale weerstand van die stroombaan as elke gloeilamp 'n weerstand van 2Ω het. (5)
- [21]**

VRAAG 4

Die diagram hieronder toon 'n gelaaide donderwolk. Die basis van die wolk het 'n negatiewe lading van 18 C en die boom het 'n positiewe lading. Die potensiaalverskil tussen die basis van die wolk en die grond is $1,2 \times 10^9 \text{ V}$.



- 4.1 Bereken die maksimum hoeveelheid energie wat aan die grond oorgedra kan word deur 'n weerligstraal. (3)
- 4.2 Bereken die stroom as die wolk in 2 s ontlai. (3)
[6]


VRAAG 5

'n Massa van $2,235 \text{ g}$ kaliumchloried (KCl) los volledig op in 250 cm^3 gedistilleerde water.

- 5.1 Definieer die term *dissosiasie*. (2)
- 5.2 Sal 'n oplossing van KCl elektrisiteit gelei? Skryf slegs JA of NEE en verduidelik jou antwoord. (2)
- 5.3 Bereken die konsentrasie van die oplossing in $\text{mol}\cdot\text{dm}^{-3}$. (6)
[10]

VRAAG 6

$7,2 \text{ g O}_3$ reageer volledig met 'n voldoende volume NO-gas by STD. Die gebalanseerde vergelyking hiervoor is:




- 6.1 Gee die waarde en korrekte eenheid van:
- 6.1.1 Standaardtemperatuur (1)
- 6.1.2 Standaarddruk (1)
- 6.2 Bereken die:
- 6.2.1 Aantal mol O_3 -molekule in $7,2 \text{ g O}_3$. (3)
- 6.2.2 Massa NO_2 (3)
- 6.2.3 Volume NO_2 (3)
[11]

VRAAG 7

Jy word van twee onbekende NATRIUMverbindings voorsien. Dit is bekend dat een van hulle 'n sulfaat is en die ander een 'n karbonaat is.

Ten einde die twee verbindings te identifiseer, word 'n klein hoeveelheid van elk in gedistilleerde water in twee proefbuise, gemerk **A** en **B**, opgelos. 'n Paar druppels bariumnitraatoplossing word by elke proefbuis gevoeg en 'n wit neerslag vorm in elkeen. Na die byvoeging van 'n salpetersuroplossing in elke proefbuis, LOS die neerslag in proefbuis **A** OP, terwyl die neerslag in proefbuis **B** net SO BLY.



- 7.1 Gee die naam of formule van die oorspronklike natriumverbinding wat opgelos is in:
- 7.1.1 Proefbuis **A** (2)
 - 7.1.2 Proefbuis **B** (2)
- 7.2 Gee die naam of formule van die neerslag wat vorm in:
- 7.2.1 Proefbuis **A** (2)
 - 7.2.2 Proefbuis **B** (2)
- 7.3 Watter tipe reaksie vind tussen die neerslag in **A** en die salpetersuur plaas? (1)
[9]

VRAAG 8

'n Sekere stof bestaan uit 39,9% koolstof, 6,7% waterstof en 53,4% suurstof.

- 8.1 Verduidelik kortlik wat die betekenis van *empiriee formule* is. (2)
- 8.2 Bepaal, deur middel van berekeninge, wat die EMPIRIESE formule van hierdie stof is. (7)
- 8.3 Skryf die MOLEKULÊRE formule van die stof neer indien sy molêre massa gelyk aan $60 \text{ g}\cdot\text{mol}^{-1}$ is. (2)
[11]

GROOTTOTAAL: 100

DATA FOR PHYSICAL SCIENCES GRADE 10
GEGEWENS VIR FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 10

TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS / TABEL 1: FISIESE KONSTANTES

NAME / NAAM	SYMBOL / SIMBOOL	VALUE / WAARDE
Charge on electron <i>Lading op elektron</i>	e	-1,6 × 10 ⁻¹⁹ C
Electron mass <i>Elektronmassa</i>	m _e	9,11 × 10 ⁻³¹ kg
Avogadro's constant <i>Avogradro se konstante</i>	N _A	6,02 × 10 ²³ mol ⁻¹
Molar gas volume at STP <i>Molêre gasvolume by STD</i>	V _m	22,4 dm ³ ·mol ⁻¹

TABLE 2: FORMULAE / TABEL 2: FORMULES

ELECTRIC CIRCUITS / ELEKTRIESE STROOMBANE

$V = \frac{W}{Q}$	$I = \frac{Q}{\Delta t}$
$R = \frac{V}{I}$	
$R_s = R_1 + R_2 + R_3 + \dots$	$\frac{1}{R_p} = \frac{1}{R_1} + \frac{1}{R_2}$

CHEMISTRY FORMULAE / CHEMIEFORMULES

$n = \frac{m}{M}$	$c = \frac{m}{MV}$	
$c = \frac{n}{V}$	$n = \frac{V}{V_m}$	$n = \frac{N}{N_A}$

1 (I)	2 (II)	3	4	5	6	7	8	9	10	11	12	13 (III)	14 (IV)	15 (V)	16 (VI)	17 (VII)	18 (VIII)
1 2,1 H 1																2 He 4	
3 1,0 Li 7	4 1,5 Be 9															10 Ne 20	
11 0,9 Na 23	12 1,2 Mg 24															18 Ar 40	
19 0,8 K 39	20 1,0 Ca 40	21 1,3 Sc 45	22 1,5 Ti 48	23 1,6 V 51	24 1,6 Cr 52	25 1,5 Mn 55	26 1,8 Fe 56	27 1,8 Co 59	28 1,8 Ni 59	29 1,9 Cu 63,5	30 1,6 Zn 65	31 1,6 Ga 70	32 1,8 Ge 73	33 2,0 As 75	34 2,4 Se 79	35 2,8 Br 80	36 Kr 84
37 0,8 Rb 86	38 1,0 Sr 88	39 1,2 Y 89	40 1,4 Zr 91	41 1,8 Nb 92	42 1,9 Mo 96	43 2,2 Tc 101	44 2,2 Ru 103	45 2,2 Rh 106	46 1,9 Pd 108	47 1,7 Ag 112	48 1,7 Cd 115	49 1,8 In 119	50 1,8 Sn 122	51 1,9 Sb 128	52 2,1 Te 127	53 2,5 I 131	54 Xe 131
55 0,7 Cs 133	56 0,9 Ba 137	57 1,6 La 139	72 1,6 Hf 179	73 1,6 Ta 181	74 1,86 W 184	75 1,86 Re 186	76 1,90 Os 190	77 1,92 Ir 192	78 1,95 Pt 195	79 1,97 Au 197	80 1,8 Hg 201	81 1,8 Tl 204	82 1,8 Pb 207	83 1,9 Bi 209	84 2,0 Po 209	85 2,5 At 209	86 Rn 131
87 0,7 Fr 226	88 0,9 Ra 226	89 Ac															
			58 Ce 140	59 Pr 141	60 Nd 144	61 Pm 144	62 Sm 150	63 Eu 152	64 Gd 157	65 Tb 159	66 Dy 163	67 Ho 165	68 Er 167	69 Tm 169	70 Yb 173	71 Lu 175	
			90 Th 232	91 Pa 238	92 U 238	93 Np 238	94 Pu 238	95 Am 238	96 Cm 238	97 Bk 238	98 Cf 238	99 Es 238	100 Fm 238	101 Md 238	102 No 238	103 Lr 238	